
# Wetsuitleg: 'n Inleiding vir Studente

**Edition:** 5th Edition
**Publication date:** 2012
**Author/Editors:** Botha, C
**ISBN:** 9780702198694
**Format:** Soft Cover
**Number of Pages:** 266
**Retail price:** R619.00 (incl. VAT, excl. delivery.)
**Website Link:** juta.co.za/pdf/23557/




**About this Publication:**

Wetsuitleg gaan oor die verstaan van uitgevaardigde regstekste – om sin te maak van die wetgewende skema wat op die betrokke situasie van toepassing is. Die doel van *Wetsuitleg: 'n Inleiding vir Studente* is om studente te leer hoe om wetgewing uit te lê en toe te pas.

Deel 1 ('Wettereg') stel studente bekend aan verskillende tipes en kategorieë wetgewing, die strukturele komponente van wetgewing, die soms verwarrende 'kodes' wat in wetgewende tekste gebruik word, asook die uitdagings wat die toepassing van bestaande oubedeling-wetgewing en nuwe wetgewing inhou. Deel 2 ('Hoe word wetgewing uitgelê') bestaan uit 'n hoofstuk oor die teoretiese grondslae van wetsuitleg, en 'n oorsig van die basiese wetsuitlegbenaderings in Suid-Afrika, asook 'n hoofstuk oor die toepassing van die reëls van wetsuitleg. Deel 3 ('Die howe se regskeppende diskresie tydens wetsuitleg, en gebiedende en aanwysende bepalings') bespreek alledaagse toepassings, en Deel 4 is 'n basiese inleiding tot grondwetuitleg. Studente word ook bekend gestel aan minder bekende aspekte van wetsuitleg soos veronderstellings-klousules (*deeming clauses*), die opskorting van wetgewing, sonsondergangsklousules (*sunset clauses*), wettiese koeterwaals (*legalese*) en meerderheidsdwarsboming (*the counter-majoritarian difficulty*).

Die vyfde uitgawe van *Wetsuitleg: 'n Inleiding vir Studente* is 'n gebruikersvriendelike inleiding tot die basiese beginsels van wetsuitleg. Dit is hoofsaaklik op voorgraadse regstudente gemik, maar praktisyns sal dit ook nuttig vind. Die beginsels en reëls van wetsuitleg word verduidelik met hipotetiese feitestelle en praktiese voorbeelde uit hofsake en wetgewing. 'n Aanvullende CD met die volle teks van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (in beide Engels en Afrikaans), en die Interpretasiewet 33 van 1957 (in Afrikaans) word ingesluit.

© Copyright 2019 Juta and Company (Pty) Ltd

**Contents Include:**

Deel 1: Wettereg
- Algemene inleiding
- Die begrip ‘wetgewing’
- Is dit al in werking? Die inwerkingtreding van wetgewin
- Is dit nog steeds in werking? Veranderings aan en die beëindiging van wetgewing

Deel 2: Hoe wetgewing uitgelê word
- Teoretiese grondslae
- Praktiese en inklusiewe metodologie: die vyf onderling-verweefde dimensies van wetsuitleg

Deel 3: Aantal praktiese toepassings: die howe se regskeppende diskresie tydens wetsuitleg, en gebiedende en aanwysende bepalings
- Regskepping deur die howe tydens konkretiserin
- Gebiedende en aanwysende bepalings

Part 4: Grondwetuitleg
Bibliografie
Sakeregister
Indeks
Aanvullende CD:
- The Constitution Of The Republic of South Africa, 1996
- Die Grondwet Van Die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- Die Interpretasiewet 33 van 1957

**Of Interest and Benefit to:**

- Students
- Parlimentary Committees
- Academics
- Practitioners